Op 5 September 2009 het juf. Dina en oom Danie getrou. Hierdie twee "love birds" het twee en 'n half jaar terug ontmoet by 'n gedwonge braai. Oom Danie de Koker het die groot vraag gevra tydens Wilmarie Pelzer se troue by Lekoa Lodge. Juffrou was baie opgewonde toe hy haar vra ..., want sy het geglo dat sy nie net 'n gelukkige huwelik sal hê nie, maar ook 'n Geesvervulde huwelik. Die troue het by De Hoek Country Stay plaasgevind. Die gevolg was juffrou en oom Danie se kinders. Juffrou sê sy het nou 3 tieners in die huis . . . Jy kan maar dink hoe dit gaan . . . HaHa! Hulle was vir hulle wittebrood na die Hluhluwe Protea Hotel in Natal. Dit klink vir my baie romanties. "Juffrou, mag daar nog baie gelukkige daggies voorlê." Van al ons Vissies, met Baie liefde en soentjies en drukkies.

Chantelle Greyling

Troukoors hoog in Vissieland

TADA ...

Vissies ons stel aan julle bekend . . . .

Mnr. en Mev. Rabie !!! Wie sou nou ooit kon raai??? Op 7 November 2009 het Juf. Marthie uiteindelik "JA" gesê!!! Hulle huwelik is by Lezar gastehuis bevestig. Juf. Marthie het soos gewoonlik soos 'n prentjie gelyk. Die Vissies sê mos altyd juf. Marthie kan 'n streepsak oor haar kop trek en sy sal dit nogsteeds met styl dra. Ons het nooit gedink mnr. Martin sal ooit so deftig kan lyk nie, maar soos Oubaas sal sê: "ENIGIETS VIR MY BRUID". Voor die groot dag was altwee verskriklik opgewonde en kon nie wag nie. Moenie dink dat alles altyd vlot verloop het nie, Vissies ..... O nee, mnr. Martin sê die hare het partykeer gewaai, gelukkig weet ons juf. Marthie het mooi geluister toe die dominee sê sy moet onderdanig wees. Vir hulle wittebrood het hulle op die strande van Ballito die sonskyn en branders geniet. Ek wil namens al die Vissies baie geluk sê aan die jonggetroude paartjie. Mag die volgende 60 jaar saam net vrede, liefde, vreugde en baie kinders, kleinkinders en agterkleinkinders inhou. Megan Holm